

Skriflesing: Jesaja 49:8-16

Teks: Jesaja 49:14-16

Sing- Ps. 48:1,5; Ps. 128:4; Ps. 125:1,4,7; Sb.9:1 (18-1:1)

Wanneer ons Jesaja 49:8 begin lees, dan gebeur daar dramatiese dinge. Broeder en suster, dit gaan oor verlossing, oor die bevryding van Israel vanuit die ballingskap wat al vir baie jare aan die gang is. Israel wat as kneg van die Here vanweë hulle sonde in die sware ballingskap weggevoer was. Die kneg Israel het swaar gekry. Vanaf Jesaja 42 tot Jesaja 53 lees ons liedere van die kneg.

Daar is hoofsaaklik 4 liedere. Jes. 42:1-4 is die kneg se eerste lied. Israel is God se kneg, maar nou kry Israel se knegskap dubbele betekenis. Daar sal 'n kneg uit Israel vanuit hulle knegskap ontstaan. Hierdie Kneg sal die reg na die nasies uitbring (Jes.42:1) Wanneer die tweede kneglied gesing word, is ons eintlik naby ons teksverse. Jes. 49:1-6 is hierdie tweede lied gefokus op presies wat die Kneg sal doen. Hy sal die stamme van Jakob en die gespaardes in Israel terugbring. Die Here wat hulle wil maak *'n lig vir die nasies om die heil van die Here uit te dra tot aan die eindes van die aarde* (Jes. 49:6). Die derde kneglied staan in hfst. 50:4-9. Die kneg het 'n tong wat geoefen is, hy kan die vermoedtes verklik, hy het ook 'n geoefende oor, hy kan werklik hoor wat God sê, maar hy kan ook hoor wat sy volk vir hom sê. Hierdie kneg het baie teëstand moes verduur, maar die Here het hom gehelp, hy kon sy gesig keihard maak, al word hy in die gesig geslaan (Jes. 50:7).

Die laaste kneglied is Jes. 52:13-53:12. Die baie bekende gedeelte van dié Kneg wat alles van ons op Hom geneem het- ons ken dit- *Hy was verag en deur die mense verlaat, 'n man van smarte en bekend met krankheid; ja, soos een vir wie 'n mens sy gelaat verberg; Hy was verag en ons het Hom nie geag nie. 4 Nogtans het Hy óns krankhede op Hom geneem, en óns smarte—dié het Hy gedra; maar óns het Hom gehou vir een wat geplaag, deur God geslaan en verdruk was. 5 Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregthede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.* Jes. 53:11 gee eintlik met hierdie kneg liedere 'n opsomming van wat die Kneg sal doen. Die Kneg wat die Regverdige is, Hy sal baie regverdig maak.

Die Kneg wat dit alles kon doen, staan duidelik as iemand tussen God en sy volk. Sonder om saam met teoloë te wil hare kloof oor Wie die Kneg nou eintlik kan wees, is daar net Een

wat vir ons vandag uitstaan. Net Één wat in elke opsig nie maar net skaduwees van die Kneg van God was nie, maar Hy het in alles hier op aarde, Kneg van God geword. Hy, ons Here Jesus Christus in Wie se Naam hierdie Kindjie vandag gedooop is.

Oor Hom kan daar baie liedere gesing word, Kneg liedere, Konings liedere, maar geen lied is waardig genoeg om waarlik aan Hom die eer te gee, die eer wat Hom alleen toekom nie! Na Jesaja 53 kom Jes. 54-55 en gee aan alle gedooptes vandag rede om in die Here bly te wees. Jes. 54:5- **5** *Want jou Maker is jou Man; HERE van die leërskaare is sy Naam; en die Heilige van Israel is jou Verlosser. Hy sal die God van die hele aarde genoem word.* Dit gee Israel soveel rede om bly te wees. Hom oor Wie dit gaan, , jou Maker, jou Man, Here van die leërskaare, ons kan selfs sy naam ken- Jesus Christus, Sy goedertierenheid sal nooit van sy kinders weggaan nie, Hy nooi almal na Hom toe uit- hierdie Kneg praat Konings taal- **1** *o Almal wat dors het, kom na die waters; en wie geen geld het nie, kom, koop en eet; ja, kom, koop sonder geld en sonder prys, wyn en melk...* ;**2** *Waarom weeg julle geld af vir wat geen brood is nie, en julle arbeid vir wat nie kan versadig nie? Luister aandagtig na My en eet die goeie, en laat julle siel hom in vettigheid verlustig*

Wanneer ons so van die Kneg sing en praat, broeder en suster, dan het ons baie dinge vooruitgehoop. Ja, dit gebeur dat met die Kneg van die Here, loop dinge vooruit, want Hy werk vooruit, Hy ken vooruit, Hy sien vooruit. Terug by ons teksverse het ons hierdie woorde gelees- **14** *Maar Sion sê: Die HERE het my verlaat, en die Here het my vergeet!* Sion is die berg Sion, dit is daar waar Jerusalem gebou is. Die plek waar die Here graag wil woon. Ons het reeds gesê dat Jes.49 vertoon nou 'n dramatiese keerpunt. Israel kan nou Sion genoem word, hulle word genoem na die berg wat by hulle is. God gaan sy kinders huis-toe bring. Dit is waaroor dit eintlik hier gaan. Daar is niks wat God kan keer om dit te doen nie. Sy kinders kom huis-toe!

Die doop dra eintlik in sy wese dieselfde betekenis. God bring sy kindertjies huis-toe, na Hom toe. Sion het swaar geglo. Dit was vir hulle asof dit nie waar kan wees nie. Die profeet het swaar gekry om sy volk te oortuig dat wat hy sê waarlik gaan gebeur. Die politieke en militêre mag van Sirië en Babilonië was vir hulle nog so groot, hulle is daarbinne vasgeketting, dit het vir hulle gevoel *die Here het my verlaat, die Here het my vergeet...* Dit lyk sleg in Sion, ja die stad Jerusalem is verwoes, die tempel verbrand, die goud geroof, hulle

eie leiers gedood, die koning sit in die gevangenis. Dit voel vir hulle dit kan nie waar wees wat die profeet sê nie. In Psalm 48 kon hulle nog sing- *Die Heer is groot waar Sionstop/ Hom wentel uit die dieptes op/ ...* toe nog kon Sionsberg weerklink van vreug, maar nou is daar geen vreugde vir die Judas dogters nie, waar Psalm 48 hulle besing – *Laat Juda's dogters hul verheug/...* nou sê hulle die Here het my verlaat, die Here het my vergeet.

Dan kom die Here se antwoord na sy kinders, dieselfde Judas-dogters word daarop gewys- **15** *Kan 'n vrou haar suigling vergeet, dat sy haar nie ontferm oor die seun van haar skoot nie? Ofskoon hulle sou vergeet, nogtans sal Ek jou nie vergeet nie!* Na ons menslike ervaring, dit sal Chantelle- die ma van die kindjie wat vandag gedooop is ook kan betuig, dat vir ons lyk dit, daar geen sterker liefde, geen sterker band kan wees as dié van tussen 'n ma en haar kind nie. 'n Ma sal opoffer, 'n ma sal alles gee dat net die kind versorg moet wees, ja so is ma's wat omgee. Die Here wys op hierdie band tussen ma en kind, ja al is dit vir ons moeilik om te dink hoe kan 'n ma haar kind weggooi, het dit wel al gebeur. Nou sê die Here – *ofskoon hulle sou vergeet, nogtans sal Ek jou nie vergeet nie...* So groot soos ons 'n moeder se liefde vir onself mag voorstel, ja laat dit 'n groot voorstelling wees, want moederliefde is groot, maar so groot soos 'n ma se liefde ook mag wees, die Here sê my liefde is nog groter. Die doop wil hierdie liefde bewys...

U kan u hande voor u wil oopmaak. Ander dele en groewe van u liggaam is dalk weggesteek, maar die voue in u hand, ja dink maar aan die feit dat geen mens se vingerafdrukke kom ooreen met die volgende een s'n nie. Elke vou in u hand en groef op u vingers staan ineen gevleg, dit is hoe God jou wil sien. Ook hierdie kindjie vandag- haar naam in God se handpalms gegraveer. Volgens Lev. 19:28 het ons die verbod om intekeninge in jou vel te maak. Dit wat deesdae weer so mode is, tatoeëermerke, God verbied dit in sy wetboek, Levitikus, maar nou kan ons wel die beeld goed verstaan. Daardie in graving bepaal die krag van wat die Here hier sê – 'n tekening in die mens se vel, met die kleure en woorde bygewerk, as dit eers jou vel ingegraveer is, dan kan dit nooit verwyder word nie. So het die Here sy kinders se name in die handpalms gegraveer.

Die Here se kinders hoor dat hulle kan huis-toe kom, hulle hoor wonderlike dinge. Hulle hoor van hulle name in God se handpalms. Ja, dit wat u ook vandag mag hoor, by hierdie doop word ons aan God se huis, aan sy kerk verbind, ons word verseker wat Jes. 49 God se

kinders wou verseker. Wonderlike dinge wat vir jou oopgaan as God sy hand vir jou oopmaak. Jy lees jou naam in God se handpalm. Al is jou lewe swaar, al voel jy verlate, al smag jy na beter dae, soos Israel met die ballingskap moes deurgaan, dan is daar 'n hele pad wat God met jou wil loop.

Vv. 8-13 beskryf die pad so aangrypend. In v.4 dan voel die kind van God ek het my verniet afgesloof. *Tevergeefs het Ek My vermoei, my krag vir niks en vrugteloos verteer!* Vanaf vers 8 dan sien ons dit is alles behalwe waar! Op 'n tyd wat die Here bepaal het kom die groot veranderinge. *Die tyd van welbehae... die dag van heil...* En hierdie tyd word verbondstyd genoem. Die Here gee aan Israel weer sy verbond, dieselfde verbond met Abraham opgerig. Ja, dieselfde verbond wat vandag by hierdie doop gegee is. Die verbond wat iets van die geheimenisse van God vir ons wil oopsluit. God se genade, God se onveranderlikheid, God se beloftes, God se liefde, God se ewigheid, hierdie groot dinge kom lê bymekaar wanneer 'n klein kindjie gedoop word.

Wanneer Israel hulle terugreis na die land weer kan hervat, dan sal hulle dit kan doen as verbondsvolk. God se Kneeg laat God se verbond lewe. Dit kan ons ook altyd weet. Die verbond met die doop belowe kom van 'n lewende God wat wil hê sy verbond moet in ons lewe. Israel het in hulle ballingskap gevoel dat niks sal weer regkom nie. Ja, met Jakob se seuns, hulle voorgeslagte het elke stam sy erfdeel gekry, die stamme het volgens bepaalde erfenisse hulle deel ontvang. Die Here sê in v.8 dit sal ook weer terugkeer. Hy sal die land weer oprig en verwoeste erfenisse weer laat beërwe. Al was alles so lank dood, stil en vergete, daardie erfenisse sal weer regkom.

Dan kom die wonderlike wat ons vandag ook moet aangryp. Israel in die ballingskap, God se kneeg was opgesluit, hulle was soos gevangenes in die duisternis, maar nou kan hulle wees soos iemand wat uit die tronk vrygelaat word. Dit kry eintlik dubbele betekenis. Die kneeg kan aan Israel vryheid aankondig- *Gaan uit...* Maar hulle wat dan uitgaan, hulle kan aan die ander wys wat dit is om uit hierdie duisternis die wonderbare lig van God in te beweeg. Hulle kan dié in duisternis toeroep- *vertoon jouself*. Vir iemand wat uit die duisternis, uit sy sonde, uit sy gevangenskap kan uitkom, hoe wonderlik, maar tog ook angswekkend as mens net donkerte gewoond was en nou kom jy in die lig. Die openbare oog is op jou, dan moet ons kan wys dat ons gedoopte kinders van God is. Dan moet jy kan sê dit is wat die Here aan my, sy kneeg gedoen het.

Die res van ons gelese gedeelte laat ons alles baie konkreet sien. Dit is eintlik maar Psalm 23 wat hier voor ons afspeel. Die pad wat die skape van God sal moet loop, terug na hulle land is 'n woestynpad. V.10- *Hulle sal geen honger en geen dors hê nie, en die woestyn gloed en die son sal hulle nie steek nie; want hulle Ontfermer sal hulle lei en hulle saggies aanbring na die fonteine van water.* Hierdie pad is nie net 'n geografiese reispad nie, maar soos wat die lewe vir ons oopgaan, is die lewe ook 'n geestelike reis.

Dit vat Israel weer terug na toe hulle uit Egipte moes trek. Uit daardie donker gevangenis, het God hulle uitgelei. Al is dit woestyn paaie vir die voet, vir die menslike gees kan God deur sy Heilige Gees hulle bring by waters waar daar rus is. Hy wat ons kan neerlê in groen weivelde. Die Here sal op 'n wonderbaarlike wyse vir ons sorg. Hyself is sy kinders se beskerming. Die belangrikste wat gebeur is nie om na jou tuisland terug te keer nie, vir Israel en vir ons is die nog belangriker deel om na God terug te keer. Al moes Israel op hulle reis weer na Sion, terug na Jerusalem oor berge trek, God maak 'n pad oor die berge, groot dieptes, groot paaie word opgevul, dat 'n mens daar kan loop.

En wanneer dit gaan oor wie almal sal terugkeer, broeder en suster, dan gaan dit oor wat ons by die eerste diens gesien het. Mense uit alle rigtings. Van vêr en van naby, nie alleen net hulle wat oos lê van die beloofde land, van Babilon af nie, maar daar kom ook mense van die noorde en van die weste, *hulle kom daar uit die land van die Siniete.* Die Siniete lê dieselfde kant as ons van Israel. Die Siniete is waarskynlik van Aswan, in die suide van Egipte, ver suid. Almal wat daar in Israel vergader sal word, die hemele die aarde, die berge sal bly wees. God het sy liefde van alle kante, op alle maniere duidelik gemaak. Sy kinders wat huis-toe kan kom.

In Jesus Christus het ons die liefde van God van alle kante, op alle maniere ontvang. Daar waar 'n kindjie in die Naam van die Here gedooop kon word hoor ons ook God se troos, hoe God aan al sy kinders sy genade betoon, Hy ontferm Hom oor die ellendiges. Dit omdat God ons God wil wees. Jerusalem sal weer opstaan, ons wat in Christus onself Sioniete mag noem. Wie tot Sion behoort is 'n Sioniet, vir ons wie se name in die Here se handpalms gegraveer is, ja daarmee sluit ons af. Jou mure is gedurig voor My. Jerusalem se afgebreekte mure het nou die betekenis kon omdraai. Nou gaan God hulle nie verder afbreek nie, maar opbou. God gaan sy hande met ons name daarin oor die stad uitsteek. Hy gaan die mure herstel. Wanneer die Here sy hand uitsteek dan sien Hy sy stad Sion, vir ons is God se stad

die nuwe Jerusalem, ja dit gaan om die kerk waarin vandag 'n kindjie gedooop is. God se hande met die name van sy kinders daarin gegraveer, die naam van Sion staan daarin, dit laat die hande van God al vêrder na ons uitstrek. Dink aan die hande van Jesus waar die spykergate deur sy hande juis die versoening van ons name in God se hande was. God sal nie sy kinders vergeet nie. Daarvoor het Jesus sy hande na ons uitgesteek, ons lewensmure kan in Hom herstel word. *Kyk, Ek het jou in die handpalms gegraveer; jou mure is gedurig voor My.*

AMEN